

Sing vooraf staande: Psalm 81:1, 4, 12 (p. 411)

- 1 Laat ons nou die HEER / wat sy volk verbly het / deur sy sterkte, eer!
Hom, die grote God, / wat weer feesgenot / vir sy volk berei het.
- 4 Want dis die bevel / wat alom weerklink het / onder Israel;
dis die groot gebod / van 'n troue God / wat aan ons gedink het;
- 12 Open julle mond, / eis van My vrymoedig / op my trouverbond:
al wat jul ontbreek, / skenk Ek as jul smeek / mild'lik en oorvloedig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 89:1, 17 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 17 Gedenk, o Heer, hoe swak ek is: hoe kort van duur, / hoe nietig my bestaan, die dood wink ieder uur.
Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie? / Geeneen wat teen die mag sy lewe kan behou nie.
Skenk ons u guns, o Heer, help ons in donker stonde / na u belofenis, aan Dawids huis verbonde.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

Vergifnis:

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)

- 1 "Water sal ek op hul sprinkel, / water uit 'n springfontein".
En van alle onreinighede / was die HEER sy volk dan rein.
"Nuwe harte gee 'k aan julle, / en Ek gee 'n nuwe gees;
'k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee 'n hart van vlees.
- 2 "'k gee my Heil'ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry
waar 'k 'n God sal wees vir julle, / jul 'n volk sal wees vir My."

Skriflesing: 2 Timoteus 1

Teks: 2 Timoteus 1:12; Kategismus Sondag 26

Om hierdie rede ly ek ook hierdie dinge; maar ek skaam my nie, want ek weet in wie ek geglo het, en ek is oortuig dat Hy mag het om my pand te bewaar tot dié dag toe. (2 Timoteus 1:12 AFR1953)

Ons praat soms nogal van ons sondes op so 'n manier dat ons dit wel bely, maar dat ons dit darem bietjie wil versag.

- Ons sal byvoorbeeld sê dat ons growwe sondes doen, maar ons doen dit in swakheid.

- Terwyl ons eerder moet sê: Ons doen growwe sondes omdat ons so uiters moedswillig en berekend ongehoorsaam is.

Kom ons gaan kyk saam na 'n paar uitsprake wat die Bybel maak oor die twee woorde **growwe** en **swakheid!**

Uitsprake waarin die woord *growwe* voorkom, is byvoorbeeld die volgende twee uitsprake in Esegïël. Luister na die ongeduld van die Here in dié twee verse:

So sê die Here HERE: Slaan in jou hand, en stamp met jou voet, en sê: Wee oor al die growwe gruweldade van die huis van Israel, omdat hulle deur die swaard, die honger en die pes moet val. (Esegïël 6:11 AFR1953)

Daarop sê Hy vir my: Gaan in, en kyk na die growwe gruwels wat hulle hier doen. (Esegïël 8:9 AFR1953)

Daar is nie iets soos groot en klein sondes nie. Sonde is sonde – daaroor is die Bybel baie duidelik in 1 Johannes 3:4:

Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid. (1 Johannes 3:4 AFR1953)

Let wel: Sonde is wetteloosheid.

- Sondes is oortreding van God se gebooie.
- Sondes is dus nie groot of klein nie.

Maar sondes kan wel verskil in grofheid.

- Die gevolge van een sonde kan baie ernstiger wees vir die kerk of die samelewing as wat die gevolge van 'n ander sonde is.
- Maar dit maak dit nie 'n groter sonde as die ander een nie.
- Wat verkeerd is, is doodgewoon verkeerd – dus, sonde is sonde.

Waar ons soms swakheid teen die sonde gebruik as 'n soort van versagting of verskoning, sien die Here dit nie so nie.

Swakheid beteken vir Hom bloot *verkeerdheid!* Luister byvoorbeeld na die volgende uitspraak:

As iemand in iets ontrou handel en in swakheid sondig met betrekking tot een van die heilige gawes van die HERE, moet hy as boete aan die HERE bring 'n ram sonder gebrek van die kleinvee, na jou skatting van die waarde in sikkels silwer, volgens die sikkel van die heiligdom, as 'n skuldoffer. (Levitikus 5:15 AFR1953)

Hierdie mens moet boetedoening doen met 'n offer, want hy is in die moeilikheid oor sy swakheid!

Luister na die woorde *skuldig word* in die volgende verse. *Skuldig word* beteken dat die Here hom skuldig verklaar oor sy sondes!

As 'n owerste sondig en in swakheid enigiets doen wat die HERE sy God verbied het, en hy skuldig word; (Levitikus 4:22 AFR1953)

En as iemand van die volk van die land in swakheid sondig, omdat hy enigiets doen wat die HERE verbied het, en hy skuldig word; (Levitikus 4:27 AFR1953)

Wat is die punt hiervan? Die punt is dat alle mense swak en vol growwe sondes is.

- Elke mens wat sy verhouding met die Here aan die een kant en sy verhouding met sy eie sondes aan die ander kant goed verstaan, sal besef dat hy behoefte het aan iets tasbaars om hom/haar te verseker dat die Here hom skoonmaak van sy sondes!
- Dis presies hier waar die sakramente inpas! Die doop en die Nagmaal: Hulle is uiterlike tekens daarvan dat die Here ons fisies skoonmaak van al die vuilheid van die sondes wat ons liggame en siele besmeer.

Die sakramente bevestig op 'n uiterlike manier aan ons hoe die Here geestelike dinge met ons doen.

- By die doop demonstreer die water dat dit liggaamlike vuilheid van ons afwas – net so was die bloed van die Here Jesus geestelik ons sondes van ons af sodat ons smetvry in die heerlijkheid van God kan ingaan.
- Dis noodsaaklik:
 - Die grofheid van ons sondes maak dat daar soms twyfel oor die ewigheid by ons ontstaan.
 - Daarom het ons hierdie uiterlike dinge nodig om die onsienlike dinge vir ons te demonstreer.

Ons moet natuurlik die doop reg verstaan.

- Die doop red ons nie. Dit maak ons op geen manier salig nie.
- Die Here Jesus alleen red ons.

Die doop as seël kan natuurlik net deur God alleen toegeken word.

- Die doop beseël natuurlik die ontvanger van die seël as eiendom van die koninkryk van God – die kan slegs die Koning van die koninkryk alleen doen!
- Die Here Jesus Christus, die Borg alleen, kan beslis vir watter mense sy bloed borg verskaf.
- As Middelaar besluit Hy alleen wie diegene is vir wie Hy bereid is om voor die oordeelstroom bemiddeling te doen.

Hoe dra die Here Jesus die betekenis van sy werk aan ons oor? Prakties gestel: Waar kom Paulus daaraan dat hy vir Timoteus kan sê:

en ek is oortuig dat Hy mag het om my pand te bewaar tot dié dag toe.

Hy doen dit onder andere deur die doop in te stel.

En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen. (Matteus 28:18-20 AFR1953)

Waarom het die Here hulle juis beveel om die nuwe Christene te gaan doop? Die simboliek van die doop is dat dit as 'n uitwendige waterbad die innerlike skoonwas of skoonmaak van sondesmet uitbeeld.

- Die water simboliseer die bloed van die Here Jesus.
 - Water maak rein. Dit was liggaamlike vuilheid af – so was die Here se bloed sondesmet af.
- Die sakrament van die doop beeld uit dat die sondes *wat ons in ons verlede gedoen het*, vergewe is.

nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing

deur die Heilige Gees wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser; (Titus 3:5-6 AFR1953)

Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; 27 want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed.
(Galasiërs 3:26-27 AFR1953)

- Die sakrament van die doop beeld uit dat die sondes *wat ons in die hede doen*, vergewe is. Vergelyk hiervoor byvoorbeeld dit wat die Heilige Gees Petrus laat skryf:
. . . onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is; waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete – deur die opstanding van Jesus Christus wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is. (1 Petrus 3:19b-22 AFR1953)
- Die sakrament van die doop beeld uit dat die sondes *wat ons in die toekoms sal doen*, vergewe is.
En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. (Markus 16:15-16 AFR1953)
Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde. (1 Johannes 1:7 AFR1953)

Inderdaad staan hierdie beginsel al in die Ou Testament:

En Ek sal hulle een hart en een weg gee om My altyd te vrees, hulle ten goede en hulle kinders ná hulle. En Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit, dat Ek My van hulle nie sal afwend om aan hulle goed te doen nie; en Ek sal my vrees in hulle hart gee, sodat hulle van My nie afwyk nie. (Jeremia 32:39-40 AFR1953)

Het ons as moderne Christene nog die doop nodig? Die antwoord is onomwonde: Ja!

- Enige ware gelowige weet dat hy daagliks met allerhande soorte sondes gekonfronteer word.
- Die satan laat geen enkele mens een oomblik met rus nie. Ons weet ons moet daagliks veg teen versoekings en daagliks tot bekering kom.
- Daarom het ons die sakrament van die doop nodig om ons telkens weer te verseker dat ons bekeringspogings en ons smeekbede vir vergifnis van ons sondes nie tevergeefs is nie.

Hierdie sakrament is dus een van die wapens wat die Here ons gegee het teen wanhoop en moedeloosheid.

Dis een van die middele wat ons moed bly gee teen ongeloof en wat ons bly lei om in 'n vaste geloof met onophoudelike dankbaarheid tot eer van God te bly lewe.

Kom ons lees saam wat ons belydenisskrifte, die Heidelbergse Kategismus Sondag 26, hiervan leer:

Vraag 69: Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom?

Antwoord: So: Christus het die uitwendige waterbad ingestel (a). Daarby het Hy beloof (b) dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, gewas is (c) as wat ek uitwendig met die water gewas is, wat die vuilheid van die liggaam wegneem.

(a) Matt 28:19. (b) Matt 28:19; Mark 16:16; Hand 2:38; Joh 1:33; Matt 3:11; Rom 6:3, 4. (c) 1 Pet 3:21; Mark 1:4; Luk 3:3.

Vraag 70: Wat beteken dit om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees?

Antwoord: Dit beteken om van God vergewing van sonde uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het (a). Verder, om deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig te wees sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe (b).

(a) Heb 12:24; 1 Pet 1:2; Op 1:5; 7:14; Sag 13:1; Eseg 36:25. (b) Joh 1:33; 3:5; 1 Kor 6:11; 12:13; Rom 6:4; Kol 2:12.

Vraag 71: Waar het Christus ons belowe dat Hy ons net so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?

Antwoord: Met die instelling van die doop wat soos volg lui: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees...” (Matt 28:19); en: “Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word” (Mark 16:16). Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes noem (Tit 3:5; Hand 22:16).

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 25:7 (p. 117)

7 Gods geheim'nis is die lewe / vir wie wandel in sy vrees;
en Hy 't sy verbond gegewe / om vir hul 'n lig te wees.
'k Hou my oë op die HEER / wat my so getrou gelei het,
want Hy voer my voete weer / uit die net wat hul gesprei het.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 18 Julie 2010